JACOBSDAL PRIMÊRE SKOOL
NUUSBRIEF: 6 17 - 24 Febr 2023

ATLETIEKUITSLAE

Baie geluk aan die volgende leerders wat deurdring na die Vrystaat byeenkoms in Bloemfontein op 4 Maart:

- Eerste plekke: Claire Combrink – Spiesgooi
  Claire Combrink – Diskus
- Tweede plekke: Claire Combrink – Gewigstoot
  Alex Savage – Spiesgooi
  Elri de Waal – 150m hekkies
- Derde plek: Rikus Lindbergh - Hoogspring
- Vierde plek: Elri de Waal – Verspring
  Luhan van der Linden – 100m
- Vyfde plek: Chanlé Jacobs – Verspring
- Sesde plek: Chanlé Jacobs – Hoogspring
  Zoé Shepherd – 100m
  Daniël York – Gewigstoot
  Ruben Bann – 70m hekkies
  Ignus Jacobs – 150m hekkies

Ons is baie trots op al hierdie Jakkies.

TENNIS

Indien daar nog leerders is wat wil registreer vir die Xhariep proewe, moet hulle teen Maandag, 20 Februarie, by JJ gaan inskryf.

TOUTREK

Geluk aan die toutrekspanne met hul prestasies op 11 Februarie in Koffiefontein:

Gewigsafdeling	Prestasie
230kg	1'ste: Jacobsdal P/S
	2'de: De Aar
	3'de: Diamanthoogte
280kg	1'ste: Diamanthoogte A
	2'de: Diamanthoogte B
	3'de: Jacobsdal P/S
400kg	1'ste: Diamanthoogte B
	2'de: Jacobsdal P/S
	3'de: Diamanthoogte A

INTERPRIMêR SWEMGALA

Baie sterkte aan al die swemmers wat 20-21 Februarie aan die Inter Primêr Swemgala in Bloemfontein gaan deelneem.

JOS VALENTYNSDAGVERKOPE

Baie dankie aan al die Jakkies, personeel en ouers wat ons ondersteun het met ons Valentynsdagverkope. Dankie ook aan almal wat so hard gewerk het om van alles 'n groot sukses te maak. Ons het 'n fantastiese bedrag van R6330.00 ingesamel.

KOPLUISE

Ons ondervind tans 'n probleem rakende kopluise. Ons wil 'n ernstige en baie dringende beroep op ouers doen om u kinders se hare te ondersoek en indien nodig die nodige behandeling toe te pas.
Behandeling en voorkoming van kopluise is haalbaar mits almal hulle samewerking gee. Asseblief, kom ons help mekaar om hierdie probleem op te los. U dokter of apteker kan u help met die nodige advies vir die voorkoming en behandeling van kopluise.
Ons as skool sal ongelukkig stappe moet neem, sou ons van mening wees dat daar geen poging aangewend word deur die ouer om te help met die behandeling van kopluise nie.
Indien u enige probleem of vrae het is u meer as welkom om die skool te skakel – ons help graag.

SIVVIES

Leerders kan Vrydag, 24 Februarie, gewone klere aantrek skool toe teen R5. Leerders kan kleurvol aantrek en iets interessant met sy/haar hare doen. Geldjies word by die klasleier inbetaal.

NAUTILUS / WISKUNDE

Baie sterkte aan die leerders wat Saterdag, 18 Februarie aan Nautilus gaan deelneem.

JAFFEL VERKOPE

Heerlike jaffels word Vrydag, 24 Februarie verkoop teen R20 'n jaffel. Koeldrank sal ook beskikbaar wees. Bestel teen 22 Februarie per WhatsApp by Elke – 0828495981.

AMESA
Inskrywings sluit Maandag, 20 Februarie. R52-00 betaalbaar by die finansiële kantoor.

BEMOEDIGENDE BOODSKAP

…….....
T.E. MOSTERT
Waarnemende Skoolhoof

GEBEDSLYS

Luthando en Mapontsho Ramoji (Oupa oorlede)

BASAAR

KINDER-KASKENADES | KINDER-SKYFSKIET | STALLETJIES | MUSIEK
KERRIE & RYS | VETKOEK | ROOMYS | ROOSTERKOEKE | POEDING
PANNEKOEK | KOEK | VLEIS | OLIFANT TAFEL | VEILING EN BAIE MEER

BAYAGRO
Your Expert in Crop Protection
ADAMA
ICONIC marketing
Rolfes Agri
Formulating Sustainable Growth
DNV
QUANTITY SURVEYORS
KIMBERLEY
NICO FOURIE



FUNNY HAIR DAY!

VRYDAG | 24 FEB | @ R5

Trek lekker kleurvol aan
en doen iets interessant met jou hare!

Betaal die oggend by jou klasleier